LUKAS 19:1-10 NGK MIEDERPARK 21/3/10
TEMA: VERNEDERING Ds Okkie Cilliers

Wat maak 'n mens as jy verneder word? Barbara Streissand het een goeie oujaarsaand in New York op haar gaste begin skree toe hulle nie vir haar grappies gelag het nie: "Gaan huistoe! Gaan weg! Ek wil julle nie sien nie!" Die pers het die volgende dag 'n heerlike tyd gehad soos hulle hul in haar vernedering verkneukel het. Dat sy gedurig in vrees lewe dat sy aan die uitbrand is en al 'n tyd lank behandeling moes kry vir haar depressie, dit het die pers gerieflik verswyg. "Arme mens" kan party sê; "haar verdiende loon" merk ander op. Feit van die storie is dat sy nie daarvoor gesoek het nie.

Wat nog erger is, is wanneer jy verneder word terwyl jy jou bes probeer het en dinge werk nie uit nie. Mense kan dan vir jou sê dat jy nie goed genoeg is nie en hulle lag openlik agter jou rug vir jou. Jy het jou beste gegee en dit word in jou gesig terug geklap. Dit maak seer en jy kan soos Streissand begin voel om die hele boel weg te jaag. Jou gevoel van eiewaarde (wat by die meeste van ons ondanks ons bravade maar baie wankelrig is) word 'n knou toegedien. Ons sluk baie swaar aan vernederings, want dit tas ons menswees tot in sy fondamente aan.

Wat is die oorsaak van vernedering? Drie dinge:

1. Ander mense doen dinge aan jou wat baie seer maak.

Hulle kan jou beskuldig van goed wat jy nie gedoen het nie, of dinge voor jou deur kom lê wat jy glad nie so bedoel het nie. Of nog erger, hulle kan jou swakplekke wat jy sorgvuldig wegsteek en kamoefleer, oopvlek vir die hele wêreld om te sien. En daar staan jy oop en bloot vir almal; sonder enige mondering en beskerming en elke Tom, Dick en Harry kan 'n pyl in jou hart skiet - pyle wat baie seermaak.
Voorbeelde daarvan is baie: 'n skoolkind wat by die skool gespot word oor 'n gebrek; 'n volwassene wat iets in sy verlede gedoen het en nie wil hê almal moet dit weet nie (en ander hardloop koerant toe met die storie). Ek onthou die man wat so hard aan sy persoonlikheid gewerk het om die vaal kolle daarin bietjie kleur te gee, maar dit was sonder sukses. Hoe harder hy probeer het, hoe meer het sy familie vir hom gesê dat hy 'n mislukking is, dat hy nooit met ander oor die weg sal kom nie, dat mense hom maar net verdra… Laas toe ek gehoor het, het hy homself afgesonder op 'n klein dorpie waar hy nie weer die mense wat hom verneder in die oë hoef te kyk nie.
Daar is mense wat daarop uit is om ander mense te verneder. Dit lyk asof dit vir hulle lekker is om ander mense in 'n slegte lig te stel. Hulle kom onmiddellik agter as iemand 'n fout maak en bespring die mens wat die fout maak soos 'n leeu wat sy prooi bespring: "Het jy gesien… het jy gehoor… jy het alweer… jy is hopeloos…"

2. Daar gebeur dinge waaroor jy geen beheer het nie - dinge wat jou in 'n baie slegte lig stel sonder dat jy iets daaraan kan doen.

'n Droomhuwelik wat met soveel belofte begin het, beland op die rotse; die beursie raak skielik leeg omdat een sy/haar werk verloor het; jou kind stel teleur; 'n familielid het in die moeilikheid beland… Daaraan kan jy niks doen nie maar dis vernederend.

3. Jy het dit oor jouself gebring.

Ja, jy het geweet daar is dinge waarvan jy moet wegbly maar jy het nie; daar is dinge waaraan jy iets moes doen en jy het niks gedoen nie… Teen alle gesonde verstand in het jy jou vingers in dinge gesteek waarin jy geweet het dat hulle lelik verbrand gaan word. Maar nee, jy het gereken as jy slim werk sal dit jou nie tref nie en as niemand

uitvind nie, is jou kop deur. Toe tref dit jou en mense vind daarvan uit en jou kop word ge-eis.

Nou wat nou? Wat maak 'n mens met vernedering? Daar is 'n paar opsies.
Jy kan jou humeur verloor soos Streissand en op almal begin skree. Uit ervaring weet ek dat dit nie veel gaan help nie. Ek vermoed daar is twee redes hoekom iemand sy humeur verloor as hy verneder word.

- Hy is keelvol en het nou genoeg van die ander een wat hom verneder se nonsens gehad. Uit magteloosheid kom daar 'n uitbarsting.
- Hy wil nie goed in die oë kyk nie en daarom word hy kwaad. As hy sy humeur verloor dwing hy die aandag weg van dit wat vernederend is en wil hy ander dinge op die tafel sit. So 'n uitbarsting maak dat niks uitsorteer word nie want niemand praat weer maklik oor die vernedering nie - hulle is bang vir nog 'n woede uitbarsting.. Ja, verloor die humeur en almal "shaddup."

So 'n uitbarsting los niks op nie want mense gaan jou vermy en jou nie maklik vertrou nie. Agter die rug is mense baie lugtig vir iemand wat 'n humeur het en begin draaie loop rondom die humeur. 'n Uitbarsting skep meer probleme. Selfs al gebeur dit omdat jy keelvol is, want dan sê hulle net: "Ek het jou mos gesê… hy kan nie die goed hanteer nie, inherent is hy sleg…"

Om stil te bly en te ontrek is baie veilig, maat dit los ook nie veel op nie. Dit kan baie gerieflik wees om in die klein dorpie te gaan bly en die mense wat verneder nie weer te sien nie, maar is die een wat in die klein dorpie gaan bly, gelukkig? Ja, 'n mens kan seker op 'n punt kom waar jy die baie slae wat na jou toe kom nie meer kan/wil vat nie, maar is dit reg om te ontrek? Die een wat ontrek doen eintlik dieselfde as die een wat sy humeur verloor - hy los dinge nie op nie. Ja, stilte bring stilte, maar nie noodwendig vrede nie.

'n Mens kan natuurlik vernedering vir die Here gee. Maar wat bedoel ons daarmee? Ek vermoed dat dit ook soos baie ander dinge 'n sentimentele cliché kan wees wat ons gebruik sonder dat daar inhoud aan verbonde is. So kan iemand besluit om homself in stilswye te ontrek en nie 'n woord te praat oor sy vernedering nie en sê dat hy dit op voetspoor van Jesus doen toe Hy niks gesê het tydens sy verhoor en teregstelling. Jesus kan nie so gebruik word nie want Jesus se stilswye was nie 'n stilswye ter wille van sy vernedering nie maar eerder om God se plan ten opsigte van die mens se redding tot uitvoer te bring.

Wat moet 'n kind van die Here doen met vernedering? 'n Paar dinge staan uit:
1.*As jy die een is wat vernedering veroorsaak*, moet jy daarmee ophou en jy moet dinge gaan regmaak soos Saggeus dit gedoen het. Neem ook gerus die woorde van Spreuke 10:10 en 11:17 ter harte. Ja, as jy iemand verneder, is jy die oorsaak van groot ellendes en skuldgevoelens in ander mense se lewens.en jy gaan die vrugte daarvan pluk. Jy maak dinge in ander mense wakker wat nie tot eer van die Here is nie en jy is die oorsaak dat hulle swaar kry. Hou op om dit te doen.

As jy jouself kan regverdig deur voorwaardes te stel ("as hy dan sal ek…") of te sê dat jy rede het om ander mense in 'n verleentheid te stel of seer te maak ("kyk net wat maak hy; ek praat al lank genoeg met hom…"), moet jy baie mooi dink waarmee jy besig is. Dink daaraan dat die Here Jesus nooit mense verneder het nie (nie eens die Faiseers nie!) en nooit hulle swak punte in die openbaar ten toon gestel het nie. Hy het

wel oor mense se sondes gepraat maar altyd op so 'n manier dat daar hoop was. Sy optrede met Saggeus is 'n bevestiging hiervan: Hy het hom nie in die openbaar verneder omdat hy saam met die Romeine gewerk het en oneerlik geld bymekaar gemaak het nie - Hy het eerder op sy goeie hoedanighede klem gelê en hom in groot liefde gehelp om in lyn met God se plan te kom.

- As jy dit as jou roeping sien om ander mense te wys op hulle tekortkominge, foute en sonde is dit tyd dat jy tot inkeer kom want jy is nie die Here wat so in mense se lewens mag ingryp nie. Onthou gerus die woorde van 1 Pet 4:8.
  Toets jouself: kan jy met die Here se liefde verby die foute kyk van die een wat jou irriteer? Kan jy soos Jesus hom uitnooi vir ete? Wat kan jy mooi oor hom sê? Hoe gaan jy dit vir hom wys? Hoe gaan jy jou vernederende dade teenoor hom ongedaan maak?
- Dis tyd dat ons sag raak voor die Here; tyd om jou sondes voor die Here te bely en ander om verskoning te vra oor wat aan hulle gedoen is. Kyk mooi hoe het Saggeus opgetree nadat Jesus by hom kom eet het.

2.*As jy die een is wat verneder word, is daar ook 'n paar dinge wat jy kan doen*.
Leer om te lag. Om kwaad te word laat net die duiwel uit die aapkas en hy gaan moleste maak. Om te lag, bring 'n ander aspek van jou persoonlikheid na vore en laat jou weer die mooi in die lewe raaksien. Dave Berg, die vader van die "Mad" strokiesprente, vertel dat die Jode op 'n dag gehoor het dat die wêreld oor 14 dae sou vergaan omdat die see die ganse wêreld sou bedek. Die mensdom het gekerm en geweeklaag maar 'n Joodse rabbi het sy mense bymekaar geroep en gesê: "Kom ons vertel eers vir mekaar 'n klomp lekker grappe." En toe lag hulle dat die trane loop. Daarna sê die rabbi vir sy mense: "Nou goed ons het klaar gelag. Nou het ons nog 14 dae oor om te leer hoe om onder die water te leef."
Om te lag laat jou weer die mooi dinge in jou en rondom jou raaksien - dinge wat vernedering vir jou vertel het nie meer bestaan nie. Dit gee hoop.
Leer om te vergewe. Vergifnis is nie om 'n sentimentele ding te doen en dan te maak asof niks verkeerd is nie. Dit is 'n daad wat sê: "Dit stop hier. Ek laat dit nie verder in my lewe toe nie." (Saggeus moes baie mense seer gemaak het en verneder het. Ek wonder hoe is hy na die ontmoeting met Jesus in die gemenskap ontvang? Met ope arms? Het hulle sy dinge as tollenaar agter hom en hulle gesit?) Vergifnis het bepaalde implikasies:

- Here, soos wat U my vergewe het en niks teen my hou nie, vergewe ek die een wat my verneder het en ek hou niks teen hom nie. Ek sal nie langer met bitterheid in my hart lewe nie.
- Here, ek laat die een wat my verneder het in U hande. U woede moet hom tref en hom uitsorteer. Ek gaan nie langer toelaat dat sy ongehoorsaamheid my lewensvreugde verder steel nie. Ek is geregtig op 'n lewe met geluk en voorspoed saam met U.
- As jy dan wel met iemand wil praat oor dinge, dan doen jy dit met die waardigheid van die Here wat deur sy Gees in jou woon. Jy blaker nie jou gevoelens uit nie, maar sorg dat die een met wie jy praat God se liefde wat "baie dinge bedek" in jou sien.

3.*As jou vernedering gekom het deur dinge wat jy nie kan beheer nie*, is dit tyd dat jy ophou weghardloop, kwaad word en jouself jammer kry. Die wêreld voel vir jou niks nie en hulle gaan oor jou loop. Tel jou kop op, aanvaar die dinge en begin jou lewe van voor af. In die woorde van Fil 4:13 is jy in staat om dit te doen.

4. *As jou vernedering gekom het deur dinge wat jou eie toedoen is,* moet jy dit gaan regmaak – al kos dit jou jou reputasie en geld soos wat Saggeus ontdek het. Ook as jou vernedering nog aan die kom is weens dinge waarmee jy besig is, moet jy met die dinge stop. Om dinge te manipuleer en te sê dat dit nie so erg is nie, dat ander mense erger dinge doen, dat ander mense die oorsaak van jou dinge is… is om op die duiwel se voorstoep te speel en die een of ander tyd gaan die aap uit sy kas klim.

- Dit is ook tyd vir sondebelydenis en berou. Sit daardie goed voor die kruis van die Here Jesus meer, anvaar sy vergifnis en breek daarmee.
- Gaan maak dit reg met ander mense soos wat die Here dit op jou hart lê.

5. *Die heel belangrikste: jy moet leer om jouself te vergewe*. Dit maak nie saak hoe groot die vernedering is wat jy/ander jou aangedoen het nie: jy is en bly 'n Koningskind wat in oorvloed moet leef (Joh 10:10). Moenie dat vernederings jou terughou nie - die Here Jesus het 'n prys betaal om jou vry te maak.

Vernedering het alles te doen met jou emosies. Dit is 'n aaklige ervaring - dit is seerkry en terug seermaak; dit is om verneder te word en te verneder. Dit is 'n bose kringloop wat net op vernietiging en selfs die dood uitloop.
Die hantering van vernedering is nie 'n emosionele saak nie: steek die hande na die Here Jesus uit, roep Hom na/in jou situasie en gaan voort met die lewe. Want dit bring hoop en hoop laat dinge môre weer beter lyk en die lewe lyk sommer weer mooi. Onthou, dis nie net belangrik wat mense oor jou sê nie, maar wat jy in 'n goeie gewete voor die Here doen.

Amen.